*Vrydag* **25 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 18:1-46**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 18:36-38 (AFR33/53/83/2020)**

**Dit is net God wat gebede kan verhoor**

Na drie jaar van droogte stuur die HERE Elia terug na koning Agab toe. Agab beskuldig Elia vir die droogteramp, maar Elia wys die koning daarop dit dit sy sonde is wat die ramp oor Israel gebring het. Agab het die volk aangemoedig om op Baäl, die vrugbaarheidsafgod, te vertrou in plaas van om op die HERE te vertrou.

Om te bewys wie die ware God is en wie die nie-god is, daag Elia die Baälprofete tot ’n tweestryd uit. Twee bulle moet geoffer word, maar daar mag nie ’n vuur aangesteek word vir die offers nie. Die 450 Baälprofete kry die eerste geleentheid en ook die meeste tyd. Die Baälgroep misluk klaaglik.

Dan kom Elia aan die beurt wanneer die tyd vir die aandoffer aanbreek. Nadat Elia die altaar wat in onbruik verval het, herstel het, deurweek hy die offer met water sodat daar geen twyfel kan wees dat dit net God is wat die offervuur kan aansteek. Elia bid ’n eenvoudige gebed dat die HERE hom moet antwoord sodat die volk kan besef wie die enigste ware God is. God antwoord met vuur wat die offerbul en die altaar verteer.

Waar gaan soek jy krag en uitkoms wanneer die lewe moeilik raak? Moenie by wêreldse bronne uitkoms sonder God soek nie. Dit is net God Almagtig wat gebede beantwoord. Vra Hom om uitkoms te gee. Elia was nie voorskriftelik oor hoe die HERE sy gebed moes beantwoord nie. Hy het met die vertroue gebid dat God sy almag sal wys. Bid met vertroue dat Hy sal antwoord, want Hy sal voorsien.

Jy kan met vertroue bid in Jesus se Naam omdat jy aan Hom behoort. Hy het met sy bloed vir jou betaal en daarom het jy die reg om jou nood voor God se voete neer te lê met die wete dat Hy uitkoms sal gee.

*Sing: Psalm 18-1:1*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*